

Elektroniese Terugvoer

- * **Let asseblief daarop dat die verwerking van papierterugvoer slegs tot aan die einde van 2017 hanteer sal kan word. Dosente word dus aangemoedig om so spoedig as moontlik vanaf 01 Mei 2017 van die elektroniese terugvoerstelsel gebruik te maak. Vanaf 2018 sal geen papierterugvoer meer verwerk word nie.**

1. Hoe gaan die nuwe Elektroniese stelsel werk?

(i) Indien u die enigste dosent is wat 'n betrokke module aanbied:

Stap 1:

- U of die administratiewe beampte binne u departement voltooi 'n e-registrasie vorm en e-pos dit aan die Studenteterugvoerkantoor by stv@sun.ac.za . U word versoek om 'n ID-grootte foto van uself op die e-registrasievorm te verskaf sodat studente u korrek kan identifiseer.

Stap 2:

- Die Studenteterugvoerkantoor sal die elektroniese studenteterugvoervraelys via SmartEvals aktiveer, volgens die informasie soos verskaf in die e-registrasievorm.

Stap 3

- Studente sal via e-pos 'n kennisgewing vanuit die SmartEvals-stelsel ontvang om die elektroniese studenteterugvoervorm te voltooi. Die e-poskennisgewing sal 'n direkte skakel na die vraelys bevat.
- Die foto wat u op die e-registrasievorm verskaf het, sal saam met die terugvoervraelys op die SmartEvals-stelsel verskyn.

ii) Indien die module in klasgroepe opgedeel en u slegs aan sekere klasgroepe in 'n module onderrig gee:

Slegs een e-registrasievorm per module moet voltooi word. Die inligting van al die dosente wat deel in die onderrig van die module, moet op die e-registrasievorm verskaf word. Die terugvoervraelys sal so opgestel word dat die inligting/ foto's van al die betrokke dosente op die terugvoerstelsel sal verskyn. Die studente kan dan kies vir watter dosent(e) hulle terugvoer wil gee.

Op hierdie stadium kan terugvoer vir modules waarby meer as een dosent betrokke is, slegs aan die einde van die module aangevra word. Die rede hiervoor is dat betroubare klaslyste en groepindelings tans nie beskikbaar is nie. Ons kan dus nie die vraelyste slegs aan geteikende klasgroepindelings stuur nie. Ons moet probeer verhoed dat studente veelvuldige e-posse ontvang om terugvoer vir dieselfde module te gee, aangesien dit

daartoe kan lei dat studente later die e-posse ignoreer. Laasgenoemde sal 'n negatiewe effek op die responskoerse hê. Daar word tans met SmartEvals onderhandel om die nodige fasiliteit binne die stelsel te ontwikkel sodat dosente wat modules deel, elkeen afsonderlike terugvoer kan aanvra by hul spesifieke gedeeltes van die module, sonder om te wag tot aan die einde van die module.

Stap 1:

- Die koördineerder van die module of die administratiewe beampte binne die departement voltooi 'n e-registrasie vorm en e-pos dit aan die Studenteterugvoerkantoor by stv@sun.ac.za. Al die betrokke dosente se inligting moet op die e-registrasievorm ingevul word. ID-grootte foto's van elk van die betrokke dosente moet op die e-registrasievorm verskaf word sodat studente die korrekte keuses kan uitoefen ten opsigte van die dosent(e) vir wie hulle terugvoer wil verskaf.

Stap 2:

- Die Studenteterugvoerkantoor sal die elektroniese Studenteterugvoervraelys via SmartEvals aktiveer, volgens die informasie soos verskaf in die e-registrasie vorm.

Stap 3

- Studente sal via e-pos 'n kennisgewing vanuit die SmartEvals-stelsel ontvang om die elektroniese Studenteterugvoervorm te voltooi. Die e-pos kennisgewing sal 'n direkte skakel na die vraelys bevat.
- Die foto's van die dosente wat op die e-registrasievorm verskaf is, sal saam met die vraelys op die SmartEvals-stelsel verskyn, sodat die studente kan kies vir watter dosent(e) hulle terugvoer gee.

2. Toegang tot verslae

Departementele voorsitters en dekane sal steeds 'n elektroniese kopie van die terugvoerverslae van die dosente binne hul lynbestuurfunksie ontvang. Die verslae sal via die SmartEvals-stelsel beskikbaar wees. 'n Kennisgewing sal per e-pos gestuur word elke keer wanneer terugvoerverslae beskikbaar gestel word.

'n Gedetailleerde handleiding, wat wys hoe om toegang tot die verslae via die SmartEvals-stelsel te verkry, sal beskikbaar gestel word.

Vir meer inligting, kontak asseblief vir Veronica Beukes (vfbeukes@sun.ac.za), Roshnique Daniels (rdaniels@sun.ac.za) of Ilke Gideons (igideons5@sun.ac.za).